# NUUS UIT *Namibië*

# Groei, uitdagings en vooruitsigte vir Santa-telers

>> KOOS DE JAGER – Desember 2025, santatol@iway.na

Eerstens wil ek die Genootskap opreg bedank vir die geleentheid om, na soveel jare, weer 'n brokkie Santa-nuus uit Namibië in die joernaal te kan deel. Dit is vir ons 'n groot eer en voorreg. Baie dankie ook vir die hartlike wyse waarop ons deur die kantoor en mede-telers verwelkom is. Hiermee spreek ons ook ons waardering uit teenoor alle telers vir hul onbaatsugtige hulp en ondersteuning.

Na verlede jaar se goeie reëns en hierdie jaar se belowende begin van die reënseisoen sien ons reeds die positiewe effek op beespryse hier in Namibië. Speenkalfpryse het gedurende Desember 2025 in Windhoek 'n gemiddelde prys van R49,23/kg vir 'n gemiddelde lewende gewig van 222,46 kg behaal. Intussen het die speenkalf prys gedaal na tussen R37.00 en R39.00/kg. Baie produsente voel dat 'n prysstyging lankal nodig is. Die ekonomie bly egter broos, en 'n skerp inflasionêre aanpassing sal waarskynlik moeilik deur die koopkrag geabsorbeer word. Uitvoer na buitelandse markte dra by tot die verhoogde pryse, maar produsente word steeds geknel deur hoë insetkoste sowel as veediefstal.

Hoewel dit nie negatief bedoel is nie, het bek- en klouseer in Suid-Afrika 'n beduidende impak op Namibië, Botswana en ander Afrika-lande wat afhanklik is van vee- en semeninvoere vir nuwe genetika. Tans is ons grense gesluit en daar word verwag dat dit nog geruime tyd so kan bly. Botswana het ook onlangs sy grens vir invoere



*Resultate van die gebruik van 'n Santa-bul in 'n kruisteelprogram*


Foto: Annalize Burger

vanaf daardie kant gesluit. Namibia het ook onlangs sy grense vir gesplete hoewe en produkte vanaf Botswana gesluit het.

Wat skou-aktiwiteite betref, het Mbakomua Hengari in Gobabis met sy Santa-beeste deelgeneem en by die interras-kompetisie die klasse vir reserwe kampioen-verskalf en reserwe kampioen-bulkalf gewen. Ons wens ook vir Mnr Hengari geluk met sy skou prestasies. Ek beoog om volgende jaar saam met hom op Grootfontein, Gobabis en Windhoek te skou. Ons ras het hierdie blootstelling beslis nodig.

Daar is tans ’n duidelike geleentheid vir nuwe telers om tot die Santa-bulmark toe te tree. Hierdie jaar is slegs tien Santa-bulle op verskillende veilings aangebied. Dit sal die kersie op die koek wees indien ons in die nabye toekoms ’n nasionale Santa-veiling kan aanbied; daar moet hieroor nog gesprekke gevoer word.

Ons het onlangs ook ’n vergadering gehou en ’n Santa Belangegroep gestig met die doel om alle Santa-boere — geregistreer of nie — in een forum te verenig. Die vergadering is gelei deur Christo van Zyl van Voermeester. Deur hierdie groep beoog ons om grootskaalse bemarkings- en bewusmakingsveldtogte van stapel te stuur. Daar is verder besluit om gedurende 2026 ‘n Junior- en Senior Beoordelaars kursus op 3 & 4 Julie 2026 by Harry Schneider-Waterberg, aan te bied.

Met die uitnodiging na hierdie vergadering het drie Santa-boere reeds aangedui dat hulle weer diere op registrasie wil plaas. Hierdie stap sal nuwe genetiese materiaal na die stoettelers se genepoel terugbring.

Ten spyte van die uitdagings sien ons uit na ’n opwindende 2026 vir Santa-telers hier in Namibië.

